SA Media - The University of the Free State
Page: 1
Source: BEELD
Date: 27-Apr-2004
Topic: 25
Ref No: 1998
1
ID: 03077632-01
Source Page: 8

# Los al die beleide, beplan onderwys

## 'n Ope brief aan die nuwe minister van onderwys



**Beeld-forum**

Jonathan Jansen

Geagte mevrou die minister,

Teen die tyd dat u dié brief lees, weet u reeds dat u die derde minister van onderwys is in ons jong demokrasie.

Ek het die twee voriges beleef as kommentator, kritikus en selfs konsultant tot u regering.

Met dié ondervinding in gedagte, het ek gedink ek sal raad gee wat u nuttig sal vind wanneer u beheer neem van die kosbaarste bate van elke nasie – sy onderwys.

Laat ek begin deur te sê dat u hierdie nasie 'n groot guns sal bewys deur die sinnelose uitvaardiging van nuwe beleide te staak. U behoort werklik te weet dat onderwysers 'n punt van uitputting bereik het daarmee. U sal ook weet dat die beleide van die meeste van u voorgangers misluk het – as met beleid die diepte van onderwys en die gehalte van opleiding in ons skole bedoel word.

Onderwysers werk harder en is meer verward as ooit tevore.

Wat u wel kan doen is om die bestaande beleide te laat slaag.

Dit beteken dat u moet begryp wat 'n minister werklik is. As u vind dat u begaan is oor u eie stem, u eie erfenis en u eie ego, dan sal u u tyd bestee aan truuks om die president te imponeer (sodat hy u weer kan aanstel) en die mense (sodat hulle u kan verdra).

Ek moet u inlig dat gesonde verstand en navorsing duidelik is: *om die gehalte van onderwys en leerprestasies te verhoog neem tyd.* Dit kort harde, onskouspelagtige en geduldige werk. Dit kan nietemin so gedoen word:

Begin deur te sorg dat daar in elk van die 29 000 skole 'n gekwalifiseerde onderwyser vir elke vak is, dat elke leerling 'n handboek het en dat elke skool elektrisiteit en toilette het. Om dit te bereik, moet hoë standaarde gestel word en mense moet duidelike doelwitte hê en aanspreeklik gehou word. Verdubbel dan die belegging in indiens-onderwysersopleiding, maar maak seker dat hierdie hulpbronne parallel is met die slimmer-nader-langer-beginsel.

Met "slimmer" bedoel ek dat diegene wat die onwikkelingsopleiding doen ten volle bekwaam is om die opleiding te behartig. Met "nader" bedoel ek om die onderwyser in die klaskamer te ondersteun. Met "langer" bedoel ek dat die ontwikkelingsteun veel langer in die klaskamers volgehou moet word as die slypskole of inligtingsessies af en toe.

Dit bring my by u departement in Schoemanstraat. Mense soos Cassius Lubisi en Nasima Badsha is uitstekende personeellede wat tegniese vernuf kombineer met sosiale verpligting, persoonlike nederigheid met stelselkapasiteit. Die meeste van u amptenare is nie daar weens besondere bekwaamhede nie.

Hulle is daar om die raskwotas te vul en/of as vergoeding vir hul bydraes gedurende die struggle.

Minister, ek begryp sulke aanstellings is nodig, maar ons kan tog nie die derde termyn van 'n ANC-regering binnegaan met 'n burokrasie vol kastige politici eerder as kundige tegnici nie!

U sal ook as minister die provinsies onder 'n vergrootglas moet plaas. Op twee uitsonderings na is die provinsies heeltemal onbevoeg om onderwys en opleiding in skole te verskaf.

Kortliks: maak seker elke skool het die basiese dinge – daardie beproefde en getoetste insetsels wat 'n verskil maak in die lang termyn. Ek stel voor dat u dapper moet wees. Sny die personeel op "nasionale" vlak met 60%, versprei die bekwaamste personeellede in Schoemanstraat in die provinsies en kry ander werk vir die oorblywende 40%. Ongelukkig, minister, is daar twee gebiede waar geen vooruitgang hoegenaamd gemaak is nie (buiten om beleiddokumente op te stel). U sal iets moet doen aan die hoë vlak van ongeletterdheid in die land en u sal ernstig moet besin oor opleiding aan voorskoolse kinders.

As u die probleme van ongeletterdheid en voorskoolse opleiding beetpak, stel ek voor dat u dit met beskeidenheid doen. Begin met 'n omvattende plan, toegewyde personeel en bekwame burokrate – en u sal wen.

Ek stel voor dat u geduldig is met kritici, en daar sal baie van hulle wees. Met insethouers in die onderwys, stel ek voor dat u meer luister en minder praat.

Vir die toekoms word klinkklare helderheid oor voornemens aanbeveel. Sê aan die leiers dat MIV vigs bring, dat die virus mense doodmaak en die antiretrovirale medisyne kosbare lewens kan verleng.

Dan, minister, laat my toe om u geluk te wens met u aanstelling deur die president. As u min. Asmal is, dan het ek 'n ernstige probleem omdat u sal moet erken dat ek baie waaroor ek hierbo geskryf het van u geleer het. As dit ek is, soos Xolela Mangcu van *Business Day* voorgestel het, dan het die president duidelik 'n verkeerde besluit geneem. Aan die ander kant: Dit is hy wat die onverstaanbare reis na Haïti onderneem het. Dus, wie weet? Miskien volg ek my eie raad!